27. Paardekop	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	27. Paardekop	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
28. Pienaarsrivier	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	28. Pienaarsrivier	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
29. Rayton	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	29. Rayton	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
30. Rosslyn	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	30. Rosslyn	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
31. Schoemansville	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	31. Schoemansville	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
32. Sundra	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	32. Sundra	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
33. Vermaas	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	33. Vermaas	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
34. Vischkuil	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	34. Vischkuil	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
35. Walkerville	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	35. Walkerville	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.
36. Wes-Rand	Raadsaal, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosman- straat 320, Pretoria	14 Augustus 1973 9,00 vm.	36. West Rand	Board Room, H.B. Phillips Building, 320, Bosman St., Pretoria	14 August, 1973 9,00 a.m.

J. J. H. BESTER,
Sekretaris.

Posbus 1341,
Pretoria.
1 Augustus 1973.
Kennisgewing No. 129/73.

P.O. Box 1341,
Pretoria.
1 August, 1973.
Notice No. 129/73.

J. J. H. BESTER,
Secretary.

672-1

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONT- WIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE.

VOLTOOIING VAN ALGEMENE WAARDERINGSLYSTE.

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van artikel 12 van die Plaaslike Bestuur Belastingordonnansie, 1933, dat die algemene waarderingslyste vir die gebiede van die ondergenoemde Plaaslike Gebiedskomitees nou voltooi is.

Die waarderingslyste sal vir 'n tydperk van dertig (30) dae ter insae lê gedurende gewone kantoorure vanaf 1 Augustus 1973 by die volgende plekke:

Plaaslike Gebiedskomitee	Plek
1. Amsterdam	Kamer A306, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosmanstraat 320, Pretoria en by die Raad se plaaslike kan- toor, Amsterdam.
2. Komatipoort	Kamer A306, H.B.-Phil- lipsgebou, Bosmanstraat 320, Pretoria en by die Raad se plaaslike kan- toor, Rissikstraat, Ko- matipoort.

3. Marikana Kamer A306, H.B.-Phil-
lipsgebou, Bosmanstraat
320, Pretoria en by die
Poskantoor, Marikana.

Alle persone wat belang het by die waarderingslyste, word versoek om enige beswaar wat hulle mag hê ten opsigte van die waardering van die belastbare eiendom wat in die lyste voorkom, of daaruit weg-gelaat is, of ten opsigte van enige fout ge-maak of verkeerde beskrywing wat in die lyste gegee word, of, waar van toe-passing, teen die verdeling van die ter-reinwaarde en grootte van die grond soos in artikel 8(d) van die Ordonnansie be-oog, binne die tydperk in hierdie kennis-gewing genoem, in te dien.

Besware moet op die voorgeskrewe vorms ingedien word, welke vorms verkrygbaar is by die plekke waar die waarderingslyste ter insae lê, by die onderge-tekende, nie later as 16h15 (4.15 nm.) op 31 Augustus 1973 nie.

J. J. H. BESTER,
Sekretaris.

Posbus 1341,
Pretoria.
1 Augustus 1973.
Kennisgewing No 125/1973.

TRANSVAAL BOARD FOR THE DE- VELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS.

COMPLETION OF GENERAL VALUA- TION ROLLS.

Notice is hereby given in terms of section 12 of the Local Authorities Rating Ordinance, of 1933, that general valuation rolls for the areas of the following Local Area Committees have been completed.

The valuation rolls will lie for inspection at the following places during normal office hours for a period of thirty (30) days as from 1st August, 1973.

Local Area Committee	Place
1. Amsterdam	Room A306, H.B. Phil- lips Building, 320, Bos- man Street, Pretoria and at the Board's Local Office, Amsterdam.
2. Komatipoort	Room A306, H.B. Phil- lips Building, 320, Bos- man Street, Pretoria and at the Board's Local Of- fice, Rissik Street, Ko- matipoort.

3. Marikana Room A306, H.B. Phillips Building, 320, Bosman Street, Pretoria and at the Post Office, Marikana.

All persons interested are called upon to lodge within the prescribed period stated in this notice, any objections they may have in respect of the valuation of the rateable property appearing in the rolls or omitted therefrom or in respect of any error or description in the said rolls, or, where applicable, against the division of the site value and the extent of the land as contemplated in section 8(d) of the Ordinance.

All objections must be lodged with the undersigned on the prescribed forms obtainable from the places where the rolls lie for inspection not later than 16h15 (4.15 p.m.) on 31st August, 1973.

J. J. H. Bester,
Secretary.

P.O. Box 1341,
Pretoria.
1 August, 1973.
Notice No. 125/1973.

673—1

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE.

WAARDERINGSLYSTE VIR VERSKEIE PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEES.

Kennisgewing geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 14 van die Plaaslike Bestuurs-Belastingordonnansie 1933 (Ord. No. 20 van 1933), dat die algemene waarderingslyste vir die gebiede van die ondergemelde plaaslike gebiedskomitees voltooi en gesertifiseer is en dat dit vasgestel en bindend gemaak sal word op alle betrokke partye wat nie voor 31 Augustus 1973, op die wyse soos in die genoemde Ordonnansie voorgeskryf, teen die beslissing van die Waarderingshof geappelleer het nie.

Akasia, Rayton, Vischkuil, Brentwood, Ogies, Roossenekal en Suid-Wes Pretoria.
Op gesag van die President van die Waarderingshof.

R. H. V.D. MERWE,
Klerk van die Hof.

Posbus 1341,
Pretoria.
1 Augustus 1973.
Kennisgewing No. 128/73.

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS.

VALUATION ROLLS FOR VARIOUS AREA COMMITTEES.

Notice is given hereby in accordance with the provisions of Section 14 of the Local Authorities Rating Ordinance 1933 (Ordinance No. 20 of 1933) that the General Valuation Rolls for the areas of the undermentioned local area committees have been completed and certified and that the said rolls shall become fixed and binding upon all parties concerned who shall not have appealed before 31st August, 1973, against the decision of the Valuation Court in the manner prescribed in the said Ordinance.

Akasia, Rayton, Vischkuil, Brentwood, Ogies, Roossenekal and South West Pretoria.

By order of the President of the Valuation Court.

R. H. V.D. MERWE,
Clerk of the Court.

P.O. Box 1341,
Pretoria.
1 August, 1973.
Notice No. 128/73.

674—1—8

DORPSRAAD VAN COLIGNY.

EIENDOMSBELASTING 1973/74.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 24 van die Plaaslike-Bestuurs-Belasting Ordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die Dorpsraad van Coligny die volgende belasting vir die boekjaar 1 Julie 1973 tot 30 Junie 1974 gehef het op die waarde van belasbare eiendom binne die munisipaliteit Coligny volgens die waarde-ringslys.

- (a) 'n Oorspronklike belasting van 'n halwe sent (½c) in die Rand (R1) op die terreinwaarde van grond; plus
- (b) 'n addisionele belasting van vyf-en-'n-halwe sent (5½c) in die Rand (R1) op die terreinwaarde van grond; plus
- (c) 'n addisionele belasting van 'n kwart sent (¼c) in die Rand (R1) op die waarde van verbeteringe.

Bogenoemde belasting sal verval en betaalbaar wees in gelyke halfjaarlikse paaiemente op 15 September 1973 en 15 Maart 1974.

In enige geval waar die belasting hierby opgelê nie op die vervaldatum betaal is nie, word rente teen sewe persent (7%) per jaar in rekening gebring en wetlike stappe kan sonder enige kennisgewing of vordering teen wabetaalers geneem word.

Op las van die Raad,

H. A. LAMBRECHTS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 31,
Coligny.
1 Augustus 1973.
Kennisgewing No. 7/1973.

VILLAGE COUNCIL OF COLIGNY.

ASSESSMENT RATES 1973/74.

Notice is hereby given in terms of section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the Village Council of Coligny has imposed the following rates for the financial year 1st July, 1973 to 30th June, 1974 on the value of all rateable property within the municipality of Coligny as appearing in the valuation roll.

- (a) An original rate of one half cent (½c) in the Rand (R1) on the site value of land; plus
- (b) an additional rate of five and a half cents (5½c) in the Rand (R1) on the site value of land; plus

- (c) an additional rate of a quarter cent (¼c) in the Rand (R1) on the value of improvements.

The above rates will become due and payable in equal half-yearly instalments on the 15th September, 1973 and the 15th March, 1974.

In any case where the rates hereby imposed are not paid on due date, interest will be charged at a rate of seven per cent (7%) per annum and summary legal proceedings may be taken against any defaulters.

By Order of the Council,

H. A. LAMBRECHTS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 31,
Coligny.
1 August, 1973.
Notice No. 7/1973.

675—1

MUNISIPALITEIT HENDRINA.

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig dat dit die voorneme van die Dorpsraad is om die volgende verordeninge te wysig:—

- (a) Begraafplaas bywette: Verhoging van die tarief vir die begraafplaas.
- (b) Sanitêre en Vullisverwyderingstarief: verhoging van tarief vir die verhoging vir die verwydering van vuilwater en nagvuil.

Die wysigings en invorderinge lê ter insae, en besware daarteen moet by die ondergetekende ingedien word binne 14 dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

J. SCHEURKOGEL,
Stadsklerk.

Hendrina.
1 Augustus 1973.

MUNICIPALITY OF HENDRINA.

Notice is hereby given in terms of Section 96 of the local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Village Council to amend the following regulations:—

- (a) Cemetery By-laws: To increase the tariff for burials.
- (b) Sanitary By-laws: To increase the tariffs of the removal of slop water and for removal of buckets.

Copies of the regulations and amendments lie open for inspection, and objections if any, must be lodged with the undersigned within 14 days after date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J. SCHEURKOGEL,
Town Clerk.

Hendrina.
1 August, 1973.

676—1

DORPSRAAD VAN MARBLE HALL.

EIENDOMSBELASTING 1973/74.

Kennis word hierby gegee ingevolge die bepalings van Artikel 24 van die Plaaslike-Bestuur Belasting Ordonnansie, No. 20 van 1933, soos gewysig, dat die volgende eiendomsbelasting gehef word op die terreinwaardes van alle belasbare eiendom geleë binne die Dorpsraadgebied van Marble Hall en soos aangedui op die Waardasierol vir die Boekjaar 1 Julie 1973 tot 30 Junie 1974:—

- (i) 'n Oorspronklike belasting van nul komma vyf sent (0,5c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond.
- (ii) 'n Addisionele belasting van twee komma vyf sent (2,5c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond.
- (iii) 'n Verdere addisionele belasting van ses sent (6c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van grond.

Kennis geskied verder dat die voormelde belasting betaalbaar is in tien gelyke paaimente op die volgende datums:—

1ste Augustus 1973.
1ste September 1973.
1ste Oktober 1973.
1ste November 1973.
1ste Desember 1973.
1ste Januarie 1974.
1ste Februarie 1974.
1ste Maart 1974.
1ste April 1974.
1ste Mei 1974.

Indien die belasting hierby gehef nie op die betaaldatum soos hierbo genoem, betaal word nie, word 'n boeterente teen sewe per sent (7%) per jaar gehef.

J. P. DEKKER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 111,
Marble Hall.
1 Augustus 1973.

VILLAGE COUNCIL OF MARBLE HALL.

ASSESSMENT RATES 1973/74.

Notice is hereby given in terms of Section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, as amended, that the following assessment rates are levied on the site value of rateable property within the Council's area of Marble Hall, as appearing on the Valuation Roll for the financial year 1st July, 1973 to 30th June, 1974:—

- (i) An original rate of nil comma five cents (0,5c) in the rand (R1) on site value of land.
- (ii) An additional rate of two comma five cents (2,5c) in the rand (R1) on site value of land.
- (iii) A further additional rate of six cents (6c) in the rand (R1) on site value of land.

Notice is hereby further given that the abovementioned rates are payable in ten equal instalments on the following dates:—

1st August, 1973.
1st September, 1973.
1st October, 1973.

1st November, 1973.
1st December, 1973.
1st January, 1974.
1st February, 1974.
1st March, 1974.
1st April, 1974.
1st May, 1974.

If the rates hereby imposed are not paid on the dates specified above, penalty interest will be charged at a rate of seven per cent (7%) per annum.

J. P. DEKKER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 111,
Marble Hall.
1 August, 1973.

677—1

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATerval BOVEN.

TUSSENTYDSE WAARDERING: 1973.

Kennis geskied hiermee kragtens die bepalings van artikel 12 van Ordonnansie No. 20 van 1933 dat die Tussentydse Waarderingslys vir 1973, in die Komitee se kantoor op Waterval Boven vir 'n tydperk van 30 dae vanaf 27 Julie 1973 ter insae sal lê.

Iemand wat enige beswaar het teen enige inskrywing daarin of enige weglating, of ander fout, onvolledigheid of verkeerde omskrywing, moet sodanige beswaar binne 30 dae vanaf datum van hierdie kennisgewing, op die voorgeskrewe vorms by die ondergetekende indien.

C. H. RHODES,
Waarnemende Sekretaris.

Volkskasgebou 301,
H/v. Smit en Harrisonstraat,
Braamfontein,
Johannesburg.
1 Augustus 1973.

WATERVAL BOVEN HEALTH COMMITTEE.

INTERIM VALUATION: 1973.

Notice is hereby given in terms of Section 12 of Ordinance No. 20 of 1933 that the 1973 Interim Valuation Roll will be open for inspection at the office of the Health Committee at Waterval Boven for a period of 30 days as from 27th July, 1973.

Anyone objecting to any entry therein, or any omission therefrom, or other error, omission or misdescription may lodge such objection with the undersigned on the prescribed forms within 30 days from the date of this notice.

C. H. RHODES,
Act. Secretary.

301 Volkskas Building,
C/o. Smit and Harrison Streets,
Braamfontein,
Johannesburg.
1 August, 1973.

678—1

STADSRAAD VAN ZEERUST

AANVAARDING VAN STANDAARD STRAAT- EN DIVERSE VERORDENINGE.

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 96(bis) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee kennis gegee

dat die Stadsraad van Zeerust voornemens is om die Standaard Straat- en Diverse Verordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 368 van 14 Maart 1973 te aanvaar.

Eksemplare van die verordeninge lê gedurende gewone kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die publikasiedatum van hierdie kennisgewing, gedurende welke tydperk skriftelike besware daarteen by die ondergetekende ingedien kan word.

D. J. RADEMAN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Posbus 92,
Zeerust.

1 Augustus 1973.
Kennisgewing No. 17/1973.

TOWN COUNCIL OF ZEERUST.

ACCEPTANCE OF STANDARD STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of Section 96(bis) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Zeerust intends to accept the Standard Street and Miscellaneous By-laws published under Administrator's Notice 368 of 14 March, 1973.

Copies of the By-laws will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk for a period of 14 days from date of publication hereof, during which period objections in writing thereto may be lodged with the undersigned.

D. J. RADEMAN,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 92,
Zeerust.

1 August, 1973.
Notice No. 17/1973.

679—1

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Potchefstroom voornemens is om sy Munisipale Blankewerknemerspensioenfondsverordeninge soos volg te wysig:—

- (a) Deur die vroeë afree-ouderdom van vyf-en-vyftig jaar, soos vervat in artikel 10, te verander na 'n ouderdom van vyf jaar minder as die pensioenleeftyd.
- (b) Deur die onafgebroke diens tydperk van sewe jaar, soos vervat in artikels 3(3)(b)(i), 12(1), 13 en 28(1), te vervang met vyf jaar.
- (c) Deur na artikel 58.A(3) die volgende subartikel (4) by te voeg.

“(4) Die vermindering van sewe jaar na vyf jaar in die tydperk waarna verwys word in artikels 3(3)(b)(i), 12(1), 13 en 28(1) word geag op 1 Januarie 1973 in werking te getree het.”

'n Afskrif van dié wysiging lê ter insae by die kantoor van die Waarnemende Klerk

van die Raad, Munisipale Kantore, Potchefstroom, vir 'n tydperk van veertien dae met ingang van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant naamlik 1 Augustus 1973.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging wil aanteken, moet sodanige beswaar skriftelik by die Waarnemende Stadsklerk inhandig binne veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan.

C. J. F. DU PLESSIS,
Waarnemende Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Potchefstroom.
1 Augustus, 1973.
Kennissgewing No. 66 van 1973.

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM.

BY-LAWS AMENDMENT.

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Potchefstroom intends amending its Municipal White Employees Pension Fund By-laws as follows:—

- (a) By amending the early retirement age of fifty-five years as set out in section 10 to an age of five years less than the pensionable life time.
- (b) By amending the continuous service period of seven years as set out in sections 3(3)(b)(i), 12(1), 13 and 28(1) to five years.
- (c) By the addition after section 58.A(3) of the following sub-section (4):—
“(4) The reduction from seven years to five years in the period referred to in sections 3(3)(b)(i), 12(1), 13 and 28(1) shall be deemed to have come into operation on 1st January, 1973.”

Copies of this amendment are open for inspection at the offices of the Acting Clerk of the Council, Municipal Offices, Potchefstroom, for a period of fourteen days from date of publication hereof in the Provincial Gazette, viz, 1st August, 1973.

Any person who wishes to object to this amendment may lodge such objection in writing with the Acting Town Clerk within fourteen days of publication hereof.

C. J. F. DU PLESSIS,
Acting Town Clerk.

Municipal Offices,
Potchefstroom.
1 August, 1973.
Notice No. 66 of 1973.

680—1

STADSRAAD VAN KLERKSDORP.

EIENDOMSBELASTING: 1973/74.

Hiermee word kennis ooreenkomstig die bepalings van artikel 24 van die Plaaslike Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, soos gewysig, gegee dat die Stadsraad kragtens die bepalings van artikel 18 van voormelde Ordonnansie besluit het om die volgende eiendomsbelasting op die liggingswaarde van alle belasbare eiendomme binne die munisipaliteit Klerksdorp vir die boekjaar 1 Julie 1973 tot 30 Junie 1974 te hef:—

- (a) 'n oorspronklike belasting van 0,5c (nul komma vyf sent) in die rand op die liggingswaarde van alle grond soos dit in die waarderingslys voorkom;
- (b) 'n bykomstige belasting van 2,5c (twee komma vyf sent) in die rand op die liggingswaarde van alle grond soos dit in die waarderingslys voorkom;
- (c) onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur kragtens artikel 18(5) van voormelde Ordonnansie, 'n verdere bykomstige belasting van 3c (drie sent) in die rand op die liggingswaarde van alle grond soos dit in die waarderingslys voorkom.

Die belasting gehef soos hierbo vermeld, is verskuldig op 1 Julie 1973, maar is in twee gelyke paaiemente betaalbaar naamlik soos volg:—

Een helfte van die totale bedrag op 31 Oktober 1973 en die ander helfte op 31 Maart 1974.

In gevalle waar die belasting hierby opgelê nie op die betrokke vervaldatum betaal is nie, word rente teen 7% per jaar in rekening gebring en geregtelike stappe kan sonder enige kennisgewing teen wanbetalers geneem word.

J. C. LOUW,
Stadsklerk.

Stadskantoor,
Klerksdorp.
1 Augustus 1973.
Kennissgewing No. 55/73.

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP.

ASSESSMENT RATES: 1973/74.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, as amended, that the Town Council has decided in terms of the provisions of section 18 of the abovementioned Ordinance, to levy the following rates on the site value of all rateable properties within the municipal area of Klerksdorp, for the financial year 1st July, 1973, to 30th June, 1974:—

- (a) an original rate of 0,5c (nought comma five cents) in the rand on the site value of all land as it appears on the valuation roll;
- (b) an additional rate of 2,5c (two comma five cents) in the rand on the site value of all land as it appears on the valuation roll;
- (c) subject to the approval of the Administrator in terms of section 18(5) of the abovementioned Ordinance, a further additional rate of 3c (three cents) in the rand on the site value of all land as it appears on the valuation roll.

The rates imposed as set out above, shall become due on the 1st July, 1973, but shall be payable in two equal instalments as follows:—

One half of the total amount on the 31st October, 1973, and the remaining half on the 31st March, 1974.

In cases where the rates hereby imposed are not paid on the due date concerned, interest shall be charged at the rate of 7% per annum and summary legal proceedings may be taken against defaulters.

J. C. LOUW,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Klerksdorp.
1 August, 1973.
Notice No. 55/73.

681—1

STADSRAAD VAN PRETORIA.

VOORGESTELDE SLUITING EN VERKOOP VAN FRIKKIE DE BEERSTRAAT, MENLYN.

Hiermee word ingevolge die bepalings van artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, kennis gegee dat die Stadsraad van Pretoria voornemens is om Frikkie de Beerstraat, waar dit deur die nuwe dorp Menlyn gaan en waar dit aan die oostekant aan gedeelte 70 van die plaas Garstfontein No. 374 J.R., Pretoria, grens, permanent vir alle verkeer te sluit.

Enigiemand wat teen die voorgenome sluiting beswaar wil maak of 'n aanspraak op vergoeding mag hê as die sluiting deurgevoer word, moet sy beswaar of eis, al na die geval, skriftelik voor of op Maandag 1 Oktober 1973, by die ondergetekende, Posbus 440, Pretoria, indien.

Hiermee word ingevolge die bepalings van artikel 79(18) van die bogenoemde Ordonnansie verder kennis gegee dat die Stadsraad van Pretoria voornemens is om die geslote gedeelte van Frikkie de Beerstraat, groot 8611 m², teen 'n bedrag van R14430,08 aan Menlyn Investments (Pty.) Ltd. te verkoop. Dié maatskappy sal verantwoordelik wees vir alle koste verbonde aan die bogemelde sluiting en verkoping.

Enigiemand wat beswaar teen die bogenoemde verkoping wil maak, moet sy beswaar skriftelik voor of op Maandag 1 Oktober 1973 by die ondergetekende, Posbus 440, Pretoria, indien.

Die betrokke Raadsbesluite, 'n plan wat die straatgedeelte aandui en die verdere verkoopvoorwaardes, lê gedurende gewone kantoorure by Kamer 378, Wesblok, Munisipale, Van der Waltstraat, Pretoria, ter insae.

S. F. KINGSLEY,
Stadsklerk.

1 Augustus 1973.
Kennissgewing No. 250 van 1973.

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

PROPOSED CLOSING AND SALE OF FRIKKIE DE BEER STREET, MENLYN.

Notice is hereby given in accordance with the provisions of section 67 of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the City Council of Pretoria to close permanently to all traffic, Frikkie de Beer Street where it passes through the new township Menlyn and where it adjoins portion 70 of the farm Garstfontein No. 374 J.R., Pretoria, on the eastern side.

Any person who has any objection to the proposed closing, or who may have any claim for compensation if such closing is carried out, is requested to lodge his objection or claim, as the case may be, with the undersigned, P.O. Box 440, Pretoria, in writing on or before Monday, 1st October, 1973.

Further notice is hereby given in accordance with the provisions of section 79(18) of the abovementioned Ordinance that it is the intention of the City Council of Pretoria to sell the closed portion of Frikkie de Beer Street, measuring 8 611m², at an amount of R14 430,08 to Menlyn Investments (Pty.) Ltd. This company shall be liable for all costs in connection with the abovementioned closing and sale.

Any person who has any objection to the above sale, is requested to lodge his objection with the undersigned, P.O. Box 440, Pretoria, in writing on or before Monday, 1st October, 1973.

The relevant Council Resolutions, a plan showing the street portion, and the further conditions of sale, may be inspected during normal office hours at Room 378, West Block, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria.

S. F. KINGSLEY,
Town Clerk.

1 August, 1973.
Notice No. 250 of 1973.

682-1

STADSRAAD VAN LYDENBURG.

ALGEMENE WAARDERINGSLYS.

Kennisgewing geskied hiermee dat 'n algemene waarderingslys vir belasbare eiendom binne die regsgebied van die Stadsraad van Lydenburg ooreenkomstig die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belastingordonnansie No. 20 van 1933, soos gewysig, opgestel is, en dat dit vanaf 1 Augustus 1973 tot 31 Augustus 1973, gedurende normale kantoorure ter insae sal lê by die Belastingaal, Munisipale Kantore, Viljoenstraat, Lydenburg, vir alle persone wat aanspreeklik is vir die betaling van belasting ten opsigte van die eiendom wat in die lys voorkom.

Alle belanghebbende persone word hiermee versoek om voor 12 middag op 31 Augustus 1973, die Stadsklerk skriftelik in kennis te stel in die vorm uiteengesit in die bylae tot bogenoemde Ordonnansie, van enige besware wat hulle mag hê teen die waardering van enige belasbare eiendom wat beweer word belasbare eiendom te wees, hetsy in besit van die beswaarmaker of van ander persone of ten opsigte van enige fout, weglating of verkeerde beskrywing.

Vorms van kennisgewing van beswaar kan op aanvraag by die kantoor van die Stadsklerk verkry word.

Dit word veral beklemtoon dat niemand die reg sal hê nie om besware voor die Waarderingshof wat hierna benoem sal word, te opper tensy hy vooraf kennisgewing van besware soos uiteengesit, ingedien het nie.

J. P. BARNHOORN,
Stadsklerk.

Kantoor van die Stadsklerk,
Posbus 61,
Lydenburg.
1 Augustus 1973.
Kennisgewing No. 28/1973.

TOWN COUNCIL OF LYDENBURG.

GENERAL VALUATION ROLL.

Notice is hereby given that a General Valuation Roll of all rateable property within the area of jurisdiction of the Town Council of Lydenburg have been prepared in accordance with the Local Authorities Rating Ordinance No. 20 of 1933 as amended, and will be open for inspection at the Rates Hall, Municipal Offices, Viljoen Street, Lydenburg, by every person liable to pay rates in respect of property included therein from the 1st August, 1973 up to and including the 31st August, 1973 during normal office hours.

All persons interested are hereby called upon to lodge in writing with the Town Clerk in the form set forth in the Schedule to the said Ordinance before 12 noon on the 31st August, 1973, any notice of objection they may have in respect of the valuation of any rateable property valued in the said Valuation Roll, or in respect of the omission therefrom of property alleged to be rateable property and whether held by the person objecting or by others, or in respect of any error, omission or misdescription.

Forms of notice of objection may be obtained upon application at the office of the Town Clerk.

Attention is specially directed to the fact that no person shall be entitled to urge any objections before the Valuation Court to be hereafter constituted, unless he shall first have lodged such notice of objection as aforesaid.

J. P. BARNHOORN,
Town Clerk.

Office of the Town Clerk,
P.O. Box 61,
Lydenburg.
1 August, 1973.
Notice No. 28/1973.

683-1

STADSRAAD VAN PIET RETIEF.

VOORGESTELDE WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE.

Kennisgewing geskied hiermee dat die Stadsraad van Piet Retief sy voorneme bekend maak om ingevolge die bepalings van Artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, die Elektrisiteitstariewe soos afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1627 van 24 November 1971 te wysig.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae in die kantoor van die Klerk van die Raad, Kamer No. 5, Stadhuis, Piet Retief gedurende normale kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Skriftelike besware teen die voorgestelde wysigings van die verordeninge, indien enige, moet die ondergetekende binne die voorgeskrewe tydperk van 14 dae bereik.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 23,
Piet Retief.
1 Augustus 1973.
Kennisgewing No. 26/1973.

TOWN COUNCIL OF PIET RETIEF.

PROPOSED AMENDMENT OF THE ELECTRICITY TARIFFS.

Notice is hereby given that it is the intention of the Town Council of Piet Retief to amend the Electricity Tariffs published under Administrator's Notice No. 1627 dated 24th November, 1971, in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended.

Copies of the proposed amendment are open for inspection during normal office hours in the office of the Clerk of the Council, Room No. 5, Town Hall, Piet Retief for a period of 14 days from publication of this notice.

Written objection against the proposed amendment of the by-laws, if any, must reach the undersigned within the prescribed period of 14 days.

M. C. C. OOSTHUIZEN,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 23,
Piet Retief.
1 August, 1973.
Notice No. 26/1973.

684-1

DORPSRAAD VAN SABIE.

WAARDERINGSHOF: EERSTE SITTING.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 13(8) van die Plaaslike Bestuur-Belastingordonnansie, No. 20 van 1933, dat die eerste sitting van die Waarderingshof wat aangestel is om die Driejaarlikse Waarderingslys vir die tydperk 1 Julie 1973 tot 30 Junie 1976 asook besware wat ingedien is teen bogemelde waarderingslys te oorweeg, op Woensdag 15 Augustus 1973 om 9.30 vm. in die Stadsaal, Sabie, 'n aanvang sal neem.

F. VAN NIEKERK,
Klerk van die Waarderingshof.
Munisipale Kantore,
Posbus 61,
Sabie.

1 Augustus 1973.
Kennisgewingnummer W1/1-Tes./1973.

VILLAGE COUNCIL OF SABIE.

VALUATION COURT: FIRST SITTING.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 13(8) of the Local Authorities Rating Ordinance, No. 20 of 1933, that the first sitting of the Valuation Court appointed to consider the Triennial Valuation Roll for the period 1st July, 1973, to 30th June, 1976, as well as the objections thereto, will commence on Wednesday, 15th August, 1973, at 9.30 a.m. in the Town Hall, Sabie.

F. VAN NIEKERK,
Clerk of the Valuation Court.
Municipal Offices,
P.O. Box 61,
Sabie.
1 August, 1973.
Notice No. W1/1-Tes./1973.

685-1

DORPSRAAD VAN AMERSFOORT.

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN: (A) GEDEELTE VAN KUITPLEIN, (B) GEDEELTE VAN BOSHOFFSTRAAT, (C) TWEDE GEDEELTES VAN DIE RESTANT VAN MARKPLEIN.

Ingevolge die bepalings van artikels 67, 68 en 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur No. 17 van 1939 word kennis hiermee gegee dat die Raad van voorneme is om onderhewig aan die goedkeuring van sy Edele die Administrateur:—

- die westelike gedeelte van Kuitplein te sluit en in twaalf woonerwe te verdeel.
- 'n gedeelte van Boshoffstraat tussen Suidstraat Wes en Kortstraat Wes permanent te sluit en as Oop ruimte te verklaar.
- twee gedeeltes van die restant van Markplein permanent te sluit en dat een gedeelte vir Straatdoeleindes gebruik en die tweede gedeelte aan mnr. D. H. S. Lamprecht vervreem word in ruil vir 'n gedeelte van die restant van Erf 373.

Afskrifte van planne lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende gedurende normale kantoorure.

Iedereen wat beswaar het teen die voorneme van die Raad moet sy of haar beswaar skriftelik indien binne sestig (60) dae na die datum van publikasie hiervan.

J. C. KRIEK,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Amersfoort.
1 Augustus 1973.

VILLAGE COUNCIL OF AMERSFOORT

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF (A) PORTION OF KUIT SQUARE, (B) PORTION OF BOSHOFF STREET (C) TWO PORTIONS OF THE REMAINING EXTENT OF MARKET SQUARE.

Notice is hereby given in terms of the provisions of Sections 67, 68 and 79(18) of the Local Government Ordinance No. 17 of 1939 that it is the intention of the Council, subject to the consent of the Honourable, the Administrator to:—

- close the western portion of Kuit Square and subdivide the same into twelve residential erven.
- close a portion of Boshoff Street between Suid Street West and Kort Street West and to declare the closed portion as a open space.
- close two portions of the remaining extent of Market Square of which one portion will be used for roads purposes and the other to be alienated to Mr. D. H. S. Lamprecht in exchange for a portion of the remaining extent of Erf 373.

Copies of plans will lie for inspection in the office of the undersigned during normal office hours.

Anyone wishing to lodge a complaint against the intention of the Council should do so in writing within 60 (sixty) days of the date of publication hereof.

J. C. KRIEK,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Amersfoort.
1 August, 1973.

686—1

STAD JOHANNESBURG.

DRIEJAARLIKSE WAARDERINGSLYS.

(Kennisgewing ingevolge die bepalings van artikel 12(1) van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933).

Die Driejaarlikse Waarderingslys van alle belasbare eiendom binne die munisipale gebied van Johannesburg is opgestel ooreenkomstig die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, en sal vanaf die datum van hierdie kennisgewing elke dag vanaf 8 vm. tot 4.30 nm., behalwe op Saterdag, Sondae en openbare vakansiedae, tot en met Vrydag 14 September 1973 in die Waarderingsafdeling, kamer 500, vyfde verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, vir die publiek ter insae lê, en alle belanghebbendes word hierby versoek om my voor 10 vm. op Maandag, 17 September 1973 op 'n vorm soos die wat in die tweede bylae van genoemde Ordonnansie voorgeskryf word, skriftelik in kennis te stel van enige beswaar wat hulle in verband met die waardering van enige belasbare eiendom in genoemde Waarderingslys mag hê, of ten opsigte van die weglating daaruit van eiendom wat, na beweer word, belasbaar is, hetsy dit aan die beswaarmaker of aan iemand anders behoort, of met betrekking tot enige fout, onvolledigheid of verkeerde beskrywing.

Gedrukte beswaartekenvorms kan op aanvraag by die Waarderingsafdeling, vyfde verdieping, kamer 500, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, verkry word.

Die aandag word spesiaal gevestig op die feit dat niemand daarop geregtig is om enige beswaar voor die Waarderingshof wat later saamgestel sal word te opper nie, tensy hy eers, soos hierbo gemeld, kennis van sy beswaar gegee het.

Op las van die Raad,

A. P. BURGER,
Stadsklerk.

Stadshuis,
Johannesburg.
1 Augustus 1973.

CITY OF JOHANNESBURG.

TRIENNIAL VALUATION ROLL.

(Notice in terms of Section 12(1) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933)

The Triennial Valuation Roll of all rateable property within the Municipality of Johannesburg has been prepared in accordance with the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, and will lie at the Valuation Department, Room 500, 5th Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for public inspection from 8 a.m. to 4.30 p.m. on every day except Saturdays, Sundays and Public Holidays from the date of this notice up to and including Friday, 14 September 1973 and all persons interested are hereby called upon to lodge with me in writing, in the form set forth in the second schedule to the said Ordinance, before 10 a.m. on Monday, 17 September 1973, written notice of any objection they may have in respect of the valuation of any rateable property valued and appearing on the said Valuation Roll or in respect of the omission therefrom of property alleged to be rateable property and whether held by the person objecting or by others, or in respect of any other error, omission or misdescription.

Printed forms of notice of objection may be obtained on application at the

Valuation Department, 5th Floor, Room 500, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

Attention is specially directed to the fact that no person will be entitled to urge any objection before the Valuation Court to be constituted unless he first lodge a notice of objection as aforesaid.

By Order of the Council.

A. P. BURGER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Johannesburg.
1 August, 1973.

687—1

STAD JOHANNESBURG.

TUSSENTYDSE WAARDASIES.

(Kennisgewing ingevolge die bepalings van artikel 16, saamgelees met artikel 12 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933).

Daar word hierby kennis gegee dat tussentydse waardasies wat in die tydperk 1 Julie 1970 en 30 Junie 1973 ooreenkomstig die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, opgestel is, daaglik vanaf 8 vm. tot 4.30 nm. behalwe op Saterdag, Sondae en openbare vakansiedae, vanaf die datum van hierdie kennisgewing tot en met Vrydag, 14 September 1973, in die Waarderingsafdeling, kamer 500, vyfde verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, ter insae sal lê en alle belanghebbendes word hierby versoek om my voor 10 vm. op Maandag, 17 September 1973, skriftelik op die vorms wat in die tweede bylae by genoemde Ordonnansie vermeld word, in kennis te stel van die besware wat hulle het teen die waardasie van belasbare eiendom wat gewaardeer is en wat in genoemde waarderingslys verstrek word, of wat hulle het teen die weglating uit die lys van eiendom wat volgens bewering belasbare eiendom en in besit van die beswaarmaker of ander persone is, of wat hulle het teen 'n ander fout, onvolledigheid of verkeerde omskrywing.

Gedrukte vorms vir die uiteensetting van besware kan by die Waarderingsafdeling in kamer 500, vyfde verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, verkry word.

Let veral daarop dat niemand die reg het om besware voor die Waarderingshof wat aangestel gaan word, te opper nie, tensy hy kennis van sy beswaar soos hierbo gemeld, ingedien het.

Op las van die Raad.

A. P. BURGER,
Stadsklerk.

Stadshuis,
Johannesburg.
1 Augustus 1973.

CITY OF JOHANNESBURG.

INTERIM VALUATIONS.

(Notice in terms of Section 16, read with Section 12, of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933).

Notice is hereby given that Interim Valuations made during the period between 1 July 1970 and 30 June 1973, prepared in accordance with the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, will lie at the Valuation Department, Room 500, 5th

Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for public inspection from 8 a.m. to 4.30 p.m. on every day except Saturdays, Sundays and public holidays from the date of this notice up to and including Friday, 14 September 1973 and all persons interested are hereby called upon to lodge with me in writing, in the form set forth in the second schedule to the said Ordinance, before 10 a.m. on Monday 17 September 1973 written notice of any objection they may have in respect of the valuation of any rateable property valued and appearing on the said Valuation Roll or in respect of the omission therefrom of property alleged to be rateable property and whether held by the person objecting or by others, or in respect of any other error, omission or misdescription.

Printed forms of objection may be obtained on application at the Valuation Department, 5th Floor, Room 500, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg.

Attention is specially directed to the fact that no person will be entitled to urge any objection before the Valuation Court to be constituted unless he first lodged a notice of objection as aforesaid.

By Order of the Council.

A. P. BURGER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Johannesburg.
1 August, 1973.

688—1

STADSRAAD VAN DELMAS.

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITS- VOORSIENINGS EN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad voornemens is om die volgende verordeninge te wysig:—

1. Elektrisiteitsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing nommer 491, gedateer 1 Julie 1953.

2. Riolerings- en Loodgietersverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing nommer 843 van 10 Augustus 1970.

Die algemene strekking van hierdie wysigings is soos volg:—

1. Om 'n toeslag van 15% op die tarief vir die lewering van elektrisiteit te hef.

2. Om die basiese halfjaarlikse rioolheffing op eiendomme, die maandelikse tarief op woonstelle, huurkamerhuise en Delmas Kuiken (Edms.) Bpk., te verhoog.

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsklerk vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

C. F. B. MATTHEUS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Delmás.

1 Augustus 1973.

Munisipale Kennisgewing No. 21/1973.

TOWN COUNCIL OF DELMAS.

AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY AND DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends amending the following by-laws:—

1. Electricity Supply By-laws published under Administrator's Notice No. 491, dated 1st July, 1953.

2. Drainage and Plumbing By-laws published under Administrator's Notice No. 843, dated 10th August, 1970.

The general purport of these by-laws amendments is as follows:—

1. To levy a surcharge of 15% to the tariff of the supply of electricity.

2. To increase the basic halfyearly levy on properties and to increase the monthly tariff on flats, lodging houses and Delmas Kuiken (Edms.) Bpk.

Copies of these amendments are open for inspection at the office of the Town Clerk for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record his objection to the said amendments must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C. F. B. MATTHEUS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Delmás.

1 August, 1973.

Municipal Notice No. 21/1973.

689—1

STADSRAAD VAN KRUGERSDORP.

EIENDOMSBELASTING 1973/74.

Kennisgewing geskied hiermee dat die volgende belasting op die waarde van alle belasbare eiendomme binne die Krugersdorpse Munisipale Gebied soos op die Waarderingslys voorkom deur die Stadsraad van Krugersdorp opgelê is ingevolge die plaaslike Bestuur Belastingsordonnansie, No. 20 van 1933 en wysigingsordonnansies, te wete:—

(a) 'n Oorspronklike belasting vir die jaar 1 Julie 1973 tot 30 Junie 1974 van ½c (een-halwe sent) in die Rand (R1) op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipale gebied soos dit op die Waarderingslys voorkom;

(b) 'n Bykomstige belasting vir die jaar 1 Julie 1973 tot 30 Junie 1974 van 3c (drie sent) in die Rand (R1) op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipale gebied, soos dit op die Waarderingslys voorkom en daarbenevens, onderworpe aan die bepalings van Artikel 21 van die Plaaslike Bestuur Belastingsordonnansie No. 20 van 1933, op die waarde van verbeterings op grond gehou ingevolge mynreg (wat nie grond is binne 'n wettiggestigde dorpsgebied nie) sowel as op die terreinwaarde van sodanige grond, waar dit vir woondoelendes of vir doeleindes wat nie betrekking het op mynontginning gebruik word nie, deur persone of maatskappye betrokke by mynontginning, al is sodanige persone

of maatskappye die besitters van die mynbrief of nie;

(c) 'n Ekstra bykomstige belasting vir die jaar 1 Julie 1973 tot 30 Junie 1974 van ¾c (drie en drie-kwart sent) in die Rand (R1) op die terreinwaarde van die Grond of grondbelange gehou deur enige krageronderneming binne die munisipale gebied soos dit op die Waarderingslys voorkom, ingevolge en onderworpe aan die bepalings van Artikel 20 van die Plaaslike Bestuur Belastingsordonnansie No. 20 van 1933.

(d) Dat die grondeienaars-lisensiebelang, betaalbaar ingevolge die bepalings van Artikel 22 van die Plaaslike Bestuur Belastingsordonnansie No. 20 van 1933, op 20% (twintig persent) bly.

Die belasting wat hierby opgelê word, raak verskuldig op 1 Julie 1973 en is betaalbaar in twee gelyke paaiemente naamlik een helfte (½) op 31 Oktober 1973 en die ander helfte (½) op 29 Maart 1974 en rente teen 'n koers van 7 persent (7%) per jaar sal aangeslaan word in die geval van wanbetaling.

Alle belastingbetalers wat geen rekenings vir die bogemeide belasting ontvang, word aangeraai om die afdeling van die Stadstoesourier daarvan in kennis te stel, aangesien die nie-ontvangs van rekenings niemand vrystel van die aanspreeklikheid vir betaling nie.

J. J. L. NIEUWOUTD,

Klerk van die Raad.

Kennisgewing No. 69 van 1973.

TOWN COUNCIL OF KRUGERSDORP.

ASSESSMENT RATES — 1973/74.

Notice is hereby given that the following rates on the value of all rateable property within the Krugersdorp Municipal Area, as appearing in the Valuation Roll, have been imposed by the Town Council of Krugersdorp in terms of the Local Authorities Rating Ordinance No. 20 of 1933, and amending Ordinance, viz:—

(a) An original rate for the year 1st July, 1973 to 30th June, 1974 of a ½c (one-half cent) in the Rand (R1) on the site value of all land within the municipal area as appearing in the Valuation Roll.

